



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**NOVEMBER 2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.**

**ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE****NASIONALE NASIENSIMBOLE**

<b>VERDUIDELIKING</b>	<b>SIMBOOL</b>	<b>BESKRYWING</b>
Woordorde	( → )	Hakies en pyltjie
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken/Karet
Taalfoute	—	Enkelstreep onder die taalfout
Spelfoute	=	Dubbelstreep onder die spelfout
Paragraafindeling	[	Begin van 'n nuwe sin
Woord(-keuse)-foute	X	Trek 'n X bo-oor die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓	Regmerkie bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings
Onduidelik/onverstaanbaar	] (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Puntuasie	○	Omkring

Neem taalvariëteit in ag.

**AFDELING A: OPSTEL**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/Sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

Inhoud:

Taal, styl en redigering:

Struktuur:

Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).

**I = Kh = 22**

**T = Kl = 10**

**S = K = 4**

**36**

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL**

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

**VRAAG 1****Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyn) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, **byvoorbeeld**:

**1.1 Met bewende hande skeur ek die koevert oop ...**

Die kandidaat kan die opstel as 'n **verhalende opstel** aanbied wanneer hy/sy vertel wat daartoe aanleiding gegee het dat sy/haar hande bewe toe hy/sy die koevert oopskeur. As 'n **beskrywende opstel** kan die inhoud die verskillende emosies beskryf wat iemand beleef wanneer hy/sy die koevert met bewende hande oopskeur. Indien die kandidaat by hierdie onderwerp die oorsaak van die bewende hande oorweeg/deurdink en wat sy/haar emosionele reaksies en gevoelens is wanneer hy/sy die koevert oopskeur, kan so 'n opstel as 'n **bespiegelende opstel** geassesseer word. In 'n **argumenterende opstel** kan die kandidaat byvoorbeeld argumente aanvoer waarom sy/haar hande bewe wanneer hy/sy die koevert oopskeur, terwyl die kandidaat in 'n **beredeneerde opstel** oor hierdie onderwerp teenstellende menings, onpartydig, oor die redes/oorsake wat tot bewende hande gelei het (toe hy/sy die koevert oopgeskeur het) kan aanbied.

**[50]****1.2 Skool – waardevol of waardeloos?**

As **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan die kandidaat redes aanvoer waarom die onderrig wat hy/sy op skool ontvang het waardevol of waardeloos is om hom toe te rus vir die lewe na skool. Die kandidaat kan hierdie onderwerp as 'n **beskrywende** opstel aanbied deur 'n situasie(s) te beskryf waarom skool vir hom/haar waardevol of waardeloos is/was. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat mymer oor die waarde van skoolgaan./veranderinge wat hy/sy in die skoolstelsel beleef het en hoe dit waarde tot sy/haar lewe toegevoeg het, al dan nie. 'n **Verhalende** opstel kan handel oor die kandidaat se wedervaringe in die skool en die gevolgtrekking dat dit sy/haar skooljare waardevol of waardeloos gemaak het.

**[50]****1.3 Kniediep in die moeilikheid!**

In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat vertel wat gebeur het toe hy/sy kniediep in die moeilikheid was. Indien die kandidaat die gewaarwordinge van wat gebeur het toe hy/sy in die moeilikheid was, beskryf, kan dit as inhoud vir 'n **beskrywende** opstel dien. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel wonder wat daartoe aanleiding gegee het dat hy/sy in die moeilikheid beland het, terwyl die kandidaat in 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan redeneer of die gebeure/die moeilikheid die moeite werd was. Die onderwerp kan ook figuurlik interpreteer word.

**[50]****1.4 Is teëspoed net 'n komma?**

Die kandidaat kan 'n **verhalende opstel** aanbied waarin hy/sy sy/haar belewenis/storie wat tot dié vraag gelei het, vertel: by die interpretasie kan die kandidaat verwys na 'n insident waar teëspoed 'n stopplek/oorgang/halfwegstasie na sukses/groot hoogtes/ander keuses was. In 'n **beskrywende opstel** kan verskillende scenario's aangebied word waarin die kandidaat beskryf waarom teëspoed net 'n komma is./nie 'n komma is nie. Indien die kandidaat mymer/bespiegel of teëspoed net 'n komma is, kan dit as 'n **bespiegelende opstel** aangebied word. Die komma kan verwys na die lewe wat voortgaan ná 'n moeilike situasie./hoe teëspoed vir die kandidaat deure oopgemaak het. Redes/argumente waarom teëspoed net 'n komma is, kan as 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel aangebied word. Die kandidaat kan redeneer dat teëspoed nié net 'n komma is nie.

**[50]**

- 1.5 **Net 'n klein bietjie hoop maak jou hart se hekke oop.**  
 In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat 'n storie vertel van 'n klein bietjie hoop wat vir hom/haar vreugde/motivering/liefde/vooruitsig/moontlikhede/moed gegee het. Die kandidaat kan ook 'n **beskrywende** opstel aanbied waarin hy/sy beskryf hoe 'n klein bietjie hoop gelei het tot vreugde/motivering/liefde/vooruitsig/moontlikhede/moed. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel bepeins wat die klein bietjie hoop is wat sy/haar hart se hekke oopmaak. Indien die kandidaat argumente/redenasies aanvoer oor die redes wat sy/haar hart se hekke oopmaak, kan dit as 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel geassesseer te word. Dit kan ook interpreteer word as toegeneentheid/insig/nuwe lewe/verbeterde verhoudinge/situasies ens. [50]
- 1.6 **Boom (met spieëlbeeld)**  
 'n Storie oor die dualiteit/afdraaipaaie wat in 'n mens se lewe kan ontstaan as gevolg van emosionele uitdagings/ervarings kan as stof vir 'n **verhalende** opstel gebruik word. Verskillende benaderings ten opsigte van uitdagings/ervarings wat die lewe kan bied, kan in 'n **beskrywende** opstel gebruik word. Die kandidaat kan ook beskryf watter vreugdes/skoonheid/sukses/moontlikhede vir hom/haar beskore is/was nadat die uitdagings/struikelblokke oorkom is. In 'n **bespiegelende** interpretasie van hierdie prikkel kan die kandidaat peins oor moontlike uitdagings van die kronkels en draaie wat 'n mens se lewe kan neem./waarom mense 'n dubbele lewe lei. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word, bv. grense kan groei beperk./om grense/struikelblokke te oorkom, is bevrydend. [50]
- 1.7 **Kapsule**  
 'n Kandidaat kan hierdie prikkel in 'n **verhalende** opstel gebruik indien hy/sy/iemand sy/haar lewensverhaal vertel oor die lewensnoodsaaklike medikasie wat hy/sy neem. In 'n **beskrywende** opstel sou 'n kandidaat moontlik die verskillende soorte medikasie/vitamines/aanvullings wat daagliks gebruik word, kon beskryf, terwyl 'n **bespiegelende** opstel heel moontlik 'n mymering kan wees oor die heilsaamheid van sodanige medikasie al dan nie. Argumente en teenargumente oor die gebruik van medikasie/vitamines/aanvullings as 'n modegier/noodsaaklikheid, sal waarskynlik as 'n prikkel vir 'n **argumenterende** opstel gebruik kan word. 'n **Argumenterende** of **beredeneerde** opstel sal byvoorbeeld kon bepaal waarom dit (nie) altyd voordelig/wenslik/funksioneel is om medikasie/vitamines/aanvullings te gebruik (nie). 'n Ander moontlikheid is die voordele/nadele wat medikasie/vitamines/aanvullings inhou. Kandidate kan hierdie prikkel letterlik of figuurlik interpreteer. [50]
- 1.8 **Arms/hande**  
 'n Letterlike interpretasie kan tot 'n **verhalende** opstel lei waarin die kandidaat 'n storie vertel van hoe die diverse arms/hande/kulture tot probleemoplossing/samewerking gelei het. Indien die kandidaat hierdie onderwerp figuurlik interpreteer, kan hy/sy in sy/haar storie verwys hoe verskeie elemente tot 'n briljante eindproduk/sukses gelei het. Die kandidaat kan in 'n **beskrywende opstel** beskryf hoe verskeie arms/hande/kulture aanleiding tot samewerking/konflik/spanning/kan gee./hoe beskuldigings spanning skep./verwydering veroorsaak. Die smekende/uitgestrekte hande bied die moontlikheid vir ander interpretasie. 'n Kandidaat kan ook fokus op vooroordeel en diskriminasie teenoor mense wat hulle laat tatoeëer./lyfkuns beoefen. 'n Besinning oor hoe diverse arms/hande/kulture se samewerking tot probleemoplossing kan lei, kan as 'n **bespiegelende** opstel beskou word. Die kandidaat kan besin oor die moontlikheid van wêreldvrede./die afwesigheid van aanvaarding/respek in ons land./wêreld. In 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan die vormende waarde van diverse samewerking tussen arms/hande/kulture geargumenteer of beredeneer word. [50]

**SOORTE OPSTELLE:****VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Die verlede tyd word gewoonlik gebruik.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sinuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word hoofsaaklik gedoen deur die konnotasie en nie net die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

**BEREDENEERDE OPSTEL**

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik in die ontwikkeling van die opstel ontleed wees.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waarvoor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

**BESPIEGELENDENDE OPSTEL**

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/leuenswaarheid/'n situasie en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor drome of wense/moontlikhede.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

Inhoud, beplanning en formaat:

**I = K = 10**

Taal, styl en redigering:

**T = G = 6**

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks).

**16**

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**VRAAG 2**

Kandidate kies TWEE van die opdragte en skryf skryfstukke van 180 tot 200 woorde elk.

**2.1 E-POS:**

Die informele e-pos word in 'n waarderende trant aan 'n neef/niggie geskryf. Die kandidaat hoef nie na 'n spesifieke krisis te verwys nie, maar hy/sy moet verwys na die waarde wat die hulp/raad vir hom/haar/die familie gehad het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die skryfstyl is informeel, maar korrekte taal word vereis.
- Die formaat moet voorsiening maak vir 'n e-posadres/naam en van asook 'n onderwerp soos in vraestel aangetoon.
- Die informele e-pos is gewoonlik onderhoudende kommunikasie tussen twee mense wat mekaar (betreklik goed) ken.
- Die e-pos moet 'n aanhef hê, bv. Goeiemôre/Dag, Pieter
- Die onderwerp behoort in die eerste paragraaf vermeld te word: Die klem behoort te val op die waarde wat die niggie/nefie se raad gehad het.
- Die slot is net so belangrik soos die inleiding. Daar is 'n paar standaardmaniere om die informele e-pos mee af te sluit: Dra my groete/liefde oor .../Sê groete ...
- Afsluitingswoorde (Liefde./Groete./Alles van die beste./Beste wense.) moet in 'n nuwe reël geskryf word. (Dieselfde reël ten opsigte van die leesteken na die afsluitingswoord geld soos by die informele brief.)

[25]

## 2.2 FORMELE BRIEF: KLAGTE

Hierdie formele brief word aan die bestuurder van 'n restaurant gerig waarin die brieffskrywer kla oor aspekte soos byvoorbeeld die spyskaart, diens, musiek, ruimte, kwaliteit van die kos en/of pryse. Die inhoud van die brief behoort spesifiek uit te brei op die rede waarom die brieffskrywer ontevrede/teleurgesteld is./was.

### Hou die volgende in gedagte:

- Die skryfstyl is formeel.
- Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n afsluiting wees.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar 'n formele register moet gehandhaaf word.
- Die hele skryfstuk moet aan die vereistes vir die skryf van 'n formele brief voldoen.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet gegee word.

Die uwe/Vriendelike groete

*P. van Zyl*  
P. van Zyl

[25]

## 2.3 RESENSIE

Die inhoud van die RESENSIE moet verwys na 'n AFRIKAANSE boek wat 'n blywende indruk op die leser gelaat het.

### Hou die volgende in gedagte:

- Positiewe/negatiewe indrukke moet deel van die inhoud van die resensie wees.
- Gebruik emotiewe woorde wat op waardering of evaluering dui soos *snaaks, asemrowend, opwindend, vermaaklik, belangrik, uitstaande, skokkend, ontstellend, ontnugterend* ens.
- In die bespreking moet voldoende feite gegee word om die leser te oorreed waarom die boek 'n blywende indruk op die leser gelaat het./dat dit die moeite werd is om te lees.
- Die teenwoordige/verlede tyd word gebruik.

[25]



## 2.4 KOERANTBERIG

Die berig fokus op die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het dat die sekuriteitswag beloon is.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Feite moet bondig en akkuraat wees.
- Strewe daarna om die belangrikste feite te gee sonder om die leser se aandag te verloor; som akkuraat op sonder om die waarheid te verdraai.
- Gebruik 'n gepaste titel.
- Vermeld die belangrikste feite alreeds in die eerste paragraaf: wie, wat, waar, wanneer, waarom, hoe en in watter mate.
- Die koerantberig moet 'n gepaste titel hê.

[25]

## 2.5 DIALOOG

Die dialoog word met 'n vriend/vriendin gevoer en fokus op die verskonings wat deur die vriend/vriendin aangebied word. 'n Oplossing vir die situasie kan ook bespreek word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Twee mense voer die gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Elke spreekbeurt word op 'n nuwe reël begin.
- Gebruik 'n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies, **voordat** die spreker praat, aangedui.
- 'n Scenario kan, voordat die dialoog begin, geskets word.

[25]

## 2.6 INFORMELE TOESPRAAK

Die inhoud van die informele toespraak moet aan ouers inligting verskaf en die ouers daarvan oortuig dat tieners hulle eie geldsake moet hanteer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die toespraak word tydens 'n informele geleentheid gelewer.
- Die ouers moet aangespreek word, bv. Goeienaand Ouers/Dames en Here.
- Die teikengehoor en doel moet in gedagte gehou word.
- Die inleidingsin moet sterk en prikkelend wees.
- Die standpunte/stellings/redes kan reeds in die eerste paragraaf genoem word.
- Die standpunte/stellings/redes moet deur argumente ondersteun word.
- In die slotparagraaf moet die standpunte/stellings/redes treffend en bondig saamgevat word.

[25]

**TOTAAL AFDELING B: 50**  
**GROOTTOTAAL: 100**

**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL**

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
<b>INHOUD &amp; BEPLANNING</b>  (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks  <b>30 PUNTE</b>	Hoë vlak	28–30	22–24	16–18	10–12	4–6
		-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke  -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/ slot	-Respons bevredigend  -Idee redelik samehangend en oortuigend  -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons  -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie  -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant  -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie; -Vaag en herhalend -Geen organisasie en is onsamehangend
	Lae subkategorie	25–27	19–21	13–15	7–9	0–3
		-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse  -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid  -Idee relevant, interessant  -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant  -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik  -Deurmekaar en geen fokus nie

<b>TAAL, STYL &amp; REDIGERING</b>	Hoë subkategorie	14–15	11–12	8–9	5–6	0–3
<p>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika en spelling</p> <p><b>15 PUNTE</b></p>		Lae subkategorie	<p>-Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks</p> <p>-Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend</p> <p>-Toon retories, treffend en effektief</p> <p>-Grammatika en spelling feitlik foutvry.</p> <p>-Knap gedaan</p>	<p>-Toon, register, styl en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>-Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik</p> <p>-Grammatika en spelling grootliks foutvry.</p> <p>-Baie goed gedaan</p>	<p>-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>-Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra</p> <p>-Toon is gepas</p> <p>-Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk</p>	<p>-Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks</p> <p>-Taalgebruik baie basies.</p> <p>-Toon en woordkeuse skaars toepaslik.</p> <p>-Baie beperkte woordeskat</p>
<p><b>STRUKTUUR</b></p> <p>Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie</p> <p><b>5 PUNTE</b></p>			<p>13</p> <p>-Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief</p> <p>-Grammatika en spelling feitlik foutvry</p> <p>-Baie goed tot knap gedaan</p>	<p>10</p> <p>-Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief</p> <p>-Toon gepas en effektief</p> <p>-Enkele foute in grammatika en spelling</p> <p>-Goed gedaan</p>	<p>7</p> <p>-Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk</p> <p>-Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele</p>	<p>4</p> <p>-Taalgebruik onvoldoende</p> <p>-Weinig indien enige sinsverskeidenheid</p> <p>-Woordeskat baie beperk</p>
		5	4	3	2	
		<p>-Uitstekende ontwikkeling van onderwerp.</p> <p>- Uitsonderlike detail</p> <p>-Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer</p>	<p>-Logiese ontwikkeling van detail</p> <p>-Samehangend</p> <p>-Sinne en paragrawe logies en toon variasie</p>	<p>-Relevante detail ontwikkel</p> <p>-Sinne en paragrawe goed gekonstrueer</p> <p>-Opstel maak nog sin</p>	<p>-Sommige punte geldig</p> <p>-Sinne en paragrawe foutief</p> <p>-Opstel maak effens sin</p>	

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE - HUISTAAL [25PUNTE]**

<b>Kriteria</b>	<b>Uitsonderlik</b>	<b>Knap</b>	<b>Gemiddeld</b>	<b>Elementêr</b>	<b>Onvoldoende</b>
<b>INHOUD, BEPLANNING &amp; FORMAAT</b>  Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks  <b>15 PUNTE</b>	13–15	10–12	7–9	4–6	0–3
	-Respons uitsonderlik, bo verwagting Idees intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus en konteks  -Samehang in inhoud en idees -Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	-Respons baie goed  -Toon goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	-Respons voldoende  -Toon voldoende kennis van kenmerke van soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	-Respons voldoende  -Toon voldoende kennis van kenmerke van soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	Basiese respons  Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan
<b>TAAL, STYL &amp; REDIGERING</b>  Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling  <b>10 PUNTE</b>	9–10	7–8	5–6	3–4	0–2
	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks  -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer  -Feitlik foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks  -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat  - Oorwegend foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks  -Enkele grammatikafoute  -Voldoende woordeskat  -Foute belemmer nie betekenis nie	-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks  -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat  -Betekenis belemmer	-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaaie met foute en verward  -Woordeskat nie geskik vir doel nie  -Betekenis ernstig belemmer